



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**FEBRUARIE/MAART 2014**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 7 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en ŉ punt vir die rede/ motivering/aanhaling.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 1.1 | Strijdom van der Merwe √ | 1 |
| 1.2 | Albei is lief vir die aarde. √ | 1 |
| 1.3 | Die een moes ’n boer √ en die ander ’n predikant word. √ | 2 |
| 1.4 | Sondagaand-blues/neerslagtigheid √<br>**EN**<br>Hy het nie meer opgewonde oor sy werk gevoel nie√<br>Die werk was nie meer ’n uitdaging nie.√ | 3 |
| 1.5.1 | Foto’s/dokumentasie √<br>**EN**<br>Die installasies, kan nie altyd afgebreek en herbou word nie./<br>Foto’s/dokumentasie kan vir baie lank bewaar bly./<br>Meer mense kan dit sien/het toegang daartoe. √√<br>*Die kandidaat kan enige TWEE antwoorde gee. Elke antwoord tel ’n punt.* | 3 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.5.2 | Ja.<br>Die doel van kuns is om die mens van sosiale kwessies bewus te maak. √<br>Kuns bereik meer mense. √<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>’n Kunstenaar moet die wêreld mooi maak deur sy kuns. √<br>Almal is nie bewus van die kunswerk nie. Aangesien hul nie na kunsgalerye gaan nie. √<br><br>*Die kandidaat kan sy eie gemotiveerde mening binne konteks gee.* | 2 |
| 1.6 | Mark Read het sy galery beskikbaar gestel./is voorsitter van die Wêreldnatuurfonds./Hy het gedink dis reg om protes aan te teken. √ | 1 |
| 1.7 | Feit. √<br>Hy teken deur sy kuns protes aan teen hidrouliese breking. √ | 2 |
| 1.8 | Hidrouliese breking is die proses waardeur petroleumryke aardgas ontgin word. √<br><br>**EN**<br><br>Die Karoo se ekostelsel/natuurskoon/landboupotensiaal vernietig kan word. √√<br><br>*Die kandidaat kan enige TWEE antwoorde gee. Elke antwoord tel ’n punt.* | 3 |
| 1.9 | Aardgas/Petroleum/Minerale word ontgin. √<br>Werksgeleenthede word geskep.√<br><br>*Die kandidaat kan enige TWEE antwoorde gee. Elke antwoord tel ’n punt.* | 2 |
| 1.10 | Dit stel aardgas vry in die ondergrondse water. √ | 1 |
| 1.11 | Hy is ’n oliemagnaat/besit minerale regte. √ | 1 |
| 1.12 | Dit is nie volhoubaar nie./Dit is net vir 9 jaar volhoubaar./Na hidrouliese breking gaan jy met ’n dooie stuk aarde sit. √ | 1 |
| 1.13 | Dit moet jou tot stilstand dwing./<br>Dit moet aanhou gebeur./<br>Dit moet die verstand te bowe gaan. √√<br><br>*Die kandidaat kan enige TWEE antwoorde gee. Elke antwoord tel ’n punt.* | 2 |
| 1.14 | Die tema van die uitstalling het met die Karoo te doen./<br>Die doringdraad is in die Karoo opgetel./<br>Die installasie is in die Karoo opgerig.<br>Die berge is tipies Karoo-landskap. √ | 1 |
| 1.15 | Soos ’n boom/wolke/’n voëlnes.√<br><br>*Die kandidaat kan enige gepaste antwoord gee.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.16 | Ja.<br>Dit dwing my om anders na die landskap te kyk √ en dit te waardeer. √<br><br>**OF**<br>Nee.<br>’n Spul doringdraad aan ’n stutpaal kan nie as kuns beskou word nie. √<br>Dit lyk na ’n gekrabbel./Foto’s kan nie kuns wees nie. √<br><br>*Die kandidaat gee sy eie gemotiveerde uitspraak oor die installasie.* | 2 |
| 1.17 | “verset”/“skoonheid” √ | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2 LU2 AS 2.1.5

**Nasien van die opsomming**

- **Opskrif/titel**: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ’n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne,** in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van punte vir taal:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word die oorskryding van 5 woorde toegelaat en die res van die opsomming geïgnoreer
  - Korter opsommings wat die vereiste dinge bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

| DINGE WAT 'N VOLWASSENE MOET DOEN OM WEER KIND TE WEES. | | | |
|---|---|---|---|
| **AANHALING UIT TEKS:** | | **MOONTLIKE BEWOORDING** | |
| 1 | *Om te kon begin speel, moes ek eers my binnekind 'n naam gee.* | A | Jy moet jou binnekind 'n naam gee. |
| 2 | *Ek het ook 'n kiekie van my as klein dogtertjie geneem, nogal een waarvan ek nie so baie hou nie, want dis juis daai dogtertjie wat nou my aandag nodig het.* | B | Diep 'n foto van jou, waarvan jy nie hou nie, uit jou kinderdae op. |
| 3 | *Toe zoem ek in op my sintuie.* | C | Zoem in op jou kinderdae se sintuie. |
| 4 | *Jou reuksintuig is jou mees primitiewe sintuig, en dit bring onmiddellik al die ou lekkertes terug – gaan koop weer die lekkernye.* | D | Koop die lekkergoed van destyds. |
| 5 | *Toe, sing saam!* | E | Sing weer al jou kinderliedjies. |
| 6 | *Vergeet van jou werk sodat jy vir jouself tyd het.* | F | Pak jou werk weg. |
| 7 | *Hou op kwel, en loop haal daai lappop/elektriese trein bo uit die kas uit.* | G | Haal die lappop/elektriese trein bo uit die kas uit. **Aantal woorde:50** |

**OF**

**'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:**

Jy moet jou binnekind 'n naam gee. Daarna kan jy 'n foto van jou, waarvan jy nie hou nie, uit jou kinderdae opdiep. Zoem dan op jou kinderdae se sintuie in en koop die lekkergoed van destyds wat die ou lekkertes terugbring. Sing weer al jou kinderliedjies. Pak jou werk, weg. Haal laastens die lappop/elektriese trein bo uit die kas uit.

**Aantal woorde: 62**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½-punte toegeken word.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| | | |
| 3.1 | Afrikaans sal nie vir sissies wees nie. √ | 1 |
| 3.2 | Iemand wat uit eie keuse die land verlaat het. √ | 1 |
| 3.3 | Vreemd √ | 1 |
| 3.4 | Musikale √ | 1 |
| 3.5 | Dolgraag √ | 1 |
| 3.6 | drama-, radiodrama- en romankompetisies √ | 1 |
| 3.7 | Onverskrokke/verskrikte √ | 1 |
| 3.8 | Sanlam vra of ek/jy/hy/sy dapper genoeg is. √ | 1 |
| 3.9 | Dis onvanpas.<br>Iemand in die foto lek aan 'n rasper wat vir kosmaak gebruik word √ en dit lyk asof Afrikaans letterlik kan seermaak. √<br><br>**OF**<br><br>Dit is vanpas.<br>Dit wil juis aandui/versterk dat mense met moed/dapperheid Afrikaans praat.√.<br>Die foto sluit aan by die growwe, skerp kwaliteit van Afrikaans waarna die advertensie verwys. √<br><br>*Die kandidaat kan enige gepaste antwoord gee.* | 2 |
| | | **10** |

## VRAAG 4: STROKIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| | | |
| 4.1 | Dit is moeilik om volwassenes te peil/verstaan. √ | 1 |
| 4.2 | **j**uffrou √ | 1 |
| 4.3 | Hy gedra hom groot./Hy is vrypostig/voorbarig/aanmatigend. √ | 1 |
| 4.4 | Paulus **beroep** hom op die keiser om hom te verhoor. √ | 1 |
| 4.5 | Hy wil eintlik nie 'n Clivia-kweker wees nie. | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.6 | tipiese √ | 1 |
| 4.7 | Ja, 'n tuisteskepper is iemand wat net huis hou./<br>Nee, 'n tuisteskepper klink na 'n kunstenaar en nie na iemand wat huishou nie. √<br><br>*Die kandidaat kan enige gepaste antwoord gee* | 1 |
| 4.8 | Ja, mense wat so slim is, skrik maklik ander af en kry nie 'n maat nie./<br>Nee, elke pot kry sy deksel. √<br><br>*Die kandidaat kan enige gepaste antwoord gee* | 1 |
| 4.9 | (Buite)bandhandelaar/(buite)bandverkoper √ | 1 |
| 4.10 | Groot mense kry moeilik klere wat pas. √ | 1 |
| | | **10** |

**VRAAG 5: RUBRIEK**

| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
|---|---|---|
| 5.1 | Ja, aandagstrepe werk beter vir uitheffing. √ | 1 |
| 5.2 | snags √ | 1 |
| 5.3 | knetterende √ | 1 |
| 5.4 | ker- √ | 1 |
| 5.5 | Die fabrieke se **gasse** besoedel die lug. √ | 1 |
| 5.6 | Hulle maak ons kermisbeddens ná 'n reusemaaltyd digby die vuurherd op die klipvloer op./<br>Ná 'n reusemaaltyd maak hulle ons kermisbeddens digby die vuurherd op die klipvloer op. √<br><br>*Enige persoonlike voornaamwoord kan gebruik word.* | 1 |
| 5.7 | Woordeboek van die Afrikaanse Taal √ | 1 |
| 5.8 | Dit is 'n ou idioom wat pas by die tydperk wat net soos kermisbeddens verby is. √ | 1 |
| 5.9 | ghnarrabos √ | 1 |
| 5.10 | Aitsa, dat so 'n ou kermiskooi <u>wat op die solder staan</u>, soveel verlange by 'n mens kan oproep. √ | 1 |
| | | **10** |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou